

# Kardiologie by Rosepark kos staat miljoene

**MARIETJIE GERICKE**

Woensdag 03 September 2014

DIE Life Rosepark-hospitaal het reeds 30 pasiënte van die kardiologie-afdeling van die Universitas-hospitaal behandel en die rekening vir die diens aan die staat beloop gemiddeld R500 000 per week, dus R2 miljoen per maand.

Só sê Esmarié Cronjé, woordvoerder van die hospitaal.

“Die eerste klomp rekenings is deurgestuur en ons het betalings ontvang.

“Ons het die tweede klomp rekenings ook deurgestuur en wag vir die betaling. Ons glo ons sal ons geld van die staat kry.”

Volksblad verneem by personeellede van die Universitas-hospitaal sy kardiologie-eenheid is steeds gesluit.

Dr. Makoali Makotoko, die nuwe kardioloog wat vir die Universitas-hospitaal aangestel is, kom eers in Desember Bloemfontein toe.

Makotoko het 'n M.Med.-graad aan die UV verwerf en was jare gelede registrateur en spesialis by die Universitas-hospitaal.

Die vraag wat in mediese kringe gevra word, is hoe die staat se gesondheidsdepartement, wat onder vrywillige finansiële administrasie by die provinsie geplaas is, die enorme koste by Life Rosepark-hospitaal gaan volhou.

Dr. Nico van der Merwe, voorsitter van die Bloemfontein-tak van die Suid-Afrikaanse Hartvereniging, sê hulle was vier kardioloë in private praktyk wat langer as drie maande by die Universitas-hospitaal gehelp het, maar het hul dienste gestaak toe geen vergoeding of erkenning ontvang is nie.

Mondli Mvambi, woordvoerder oor gesondheid in die Vrystaat en van premier Ace Magashule, beantwoord die afgelope week geen vraag van Volksblad nie.

Vrae wat Volksblad 'n week gelede vir Mvambi gevra het, is of dr. Sehularo Gaelesjwe, uitvoerende hoof van die Universitas- akademiese hospitaal, dalk geskors of afgedank gaan word.

Bewerings van nepotisme word teenoor Volksblad gemaak dat Gaelesjwe moontlik 'n familieverbintenis met dr. Aaron Motsoaledi, die nasionale minister van gesondheid, of selfs Gwede Manta-she, sekretaris-generaal van die ANC, het. Maar ook dié word nie beantwoord nie.

Frank Matthysen het onlangs in die Life Rosepark-hospitaal gesterf waar hy 12 uur nadat hy 'n hartaanval gekry het, eers gehelp kon word. Hy het ure in 'n kritieke toestand in die geslote kardiologie-afdeling by Universitas gewag dat Gaelesjwe toestemming hiervoor gee.

Gaelesjwe het glo vir hospitaalpersoneel gesê hy is die enigste wat sodanige toestemming mag gee, maar was nie telefonies beskikbaar nie.

Matthysen se familie wil nou regstappe teen die Universitas-hospitaal en die staat se vrot gesondheidsdienste instel.

Die werkverhouding tussen dokters in Universitas en Gaelesjwe is glo sleg.

Gerhard Koorts, provinsiale bestuurder van die Vereniging vir Staatsamptenare, sê meer as tien dokters het die afgelope vier maande by die Universitas-hospitaal bedank. Die meeste gee die swak bestuurstyl van Gaelesjwe en 'n gebrek aan toerusting en medisyne as redes aan.

Verder is die verhouding tussen die Universiteit van die Vrystaat (UV), waarvan die mediese studente die akademiese platform van die Universitas-hospitaal gebruik, en Gaelesjwe ook swak.

Prof. Jonathan Jansen, UV-rektor, het in 'n vroeëre onderhoud met Volksblad gesê 'n ernstige krisis het in die kardiologie-departement en in die senior bestuur van die Universitas-hospitaal bestaan onder meer omdat Gaelesjwe weens sy "hardkoppigheid" nie met die UV wou saamwerk nie ondanks verskeie vergaderings.

Gesprekke moes op hoë vlak met Motsoaledi, Magashule en ander hooggeplaastes in Vrystaatse gesondheidskringe gevoer word.